

Ontmoeting 7

Abram

'n Bekendstelling van die aartsvader Abram

Teks: Genesis 12-15

Hulpmiddels:

- Sandboks
- Sandboks karakters: Abram, Sarai, Lot en Farao
- 2 sandboks karakters wat slawe / veewagters kan wees
- Skape
- Kamele
- 'n Tent
- Rivier
- Bome (groen takkies)
- Houtblokkies wat 'n stad kan voorstel
- 'n Sak goedkoop lekkertjies
- 'n Glas koeldrank vir elke kind



WELKOM

Speel met die kinders 'n kies-speletjie. (In ons verhaal vandag moet Lot en Abram ook kies.) Deel die groep in twee en laat hulle telkens een kies.

1 of 2 Agterop 1 staan : Hou julle vingers op julle monde.

Agterop 2 staan : Kom kies 'n lekkertjie (uit die sak lekkers).

A of B Agterop A staan : Sing 'n liedjie vir die ander groep.

Agterop B staan : Lê lekker op die grond.

Baie of min: Agterop Min staan : Doen 1 push up.

Agterop Baie staan : Doen 5 push ups!

Nat of droog Agterop Nat staan : Kry eerste koeldrank aan die einde van die ontmoeting.

Agterop Droog staan : Wag eers vir die ander groep voordat julle iets mag kry.

Slaan of druk Agterop Slaan staan : Slaan jou oë op na die berge.

Agterop Druk staan : Druk jouself 'n blou kol!



WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (<https://www.youtube.com/watch?v=8bsEggn344>)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê: "Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvader Abraham. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."



WOORD

Verwys na verlede kwartaal se ontmoetings. Ons gaan voort met die storie van God met die mens.

Sandboks:

Beweging 1:

Plaas in die sand 'n paar blokkies in die linker, agterste hoek wat Haran kan voorstel en 'n paar blokkies in die regter, voorste hoek wat Kanaän kan voorstel.

In Haran het Abram en sy familie met hulle slawe, diere en besittings gebly. (Plaas die karakters een vir een langs die blokkies

wat Haran voorstel.)

Die Here het toe vir Abram gesê om alles te los en na 'n nuwe land toe te trek. Hy sal die land uitwys. Hy het vir Abram geseën en gesê hy sal 'n seën vir al die nasies wees. Abram en sy mense het toe na Kanaän getrek. *(Loop nou met al die karakters en diere oor die sand na die regterkant.)*

Beweging 2:

(Skuif nou die blokkies wat Haran moes voorstel na die linker, voorste hoek om die land Egipte voor te stel. Sit die Farao daar neer.)

Na 'n paar jaar in Kanaän was daar 'n droogte wat 'n groot hongersnood veroorsaak het. *(Neem van die skape en kamele weg.)* Abram het sy vrou, Sarai, en slawe geneem en na Egipte getrek. *(Loop nou met alles na die linker, voorste hoek.)* Net buite die stad het Abram besef sy vrou is baie mooi en omdat hy bang was dat hulle hom gaan doodmaak, het hy gesê Sarai is sy suster. *(Skuif nou vir Abram en Sarai uitmekaar.)*

Na 'n tyd het die Farao agtergekom Sarai en Abram is eintlik getroud en hy het vir Abram geroep en met hom geraas. *(Laat die karakters met mekaar praat.)* Abram het besef hy het 'n fout gemaak en was ongehoorsaam aan God.

Beweging 3:

(Maak reg voor jou twee plekke: een met 'n rivier en bome en een met niks op nie.)

Nadat dit weer goed gereën het in Kanaän, het Abram teruggetrek. *(Laat almal nou terugtrek en sit die skape en kamele ook weer terug.)* Terwyl die veewagters van Lot en Abram skape in die veld opgepas het, het hulle begin stry. *(Laat die twee veewagters met mekaar stry.)* Abram en Lot het besef hulle sal van mekaar moet wegtrek. Hulle het op 'n heuwel gaan staan. *(Maak 'n heuwel met die sand.)* Hulle het gesien dat die Jordaanrivier in een streek vloei. Daar is baie gras en bome, maar in die ander streek is daar niks. Abram was so gaaf dat hy vir Lot eerste laat kies het. Lot kies toe die groen deel met die rivier in en Abram moes toe tevrede wees met die droë deel. *(Plaas nou vir Lot tussen die bome.)* Die Here was steeds by Abram en het hom geseën. Dit het baie goed moet hom gegaan al was hy in 'n droë gebied.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of Abram bang was om na 'n vreemde plek te trek. Hoe sal jy voel om te trek?
2. Ek wonder hoekom God so geduldig was met Abram.
3. Ek wonder of jy ook baie keer ongehoorsaam is soos Abram.
4. Ek wonder of jy weet dat God ook met jou geduldig sal bly en jou vergewe.



WERSKAF

- ♦ Laat die kinders in die sand speel en weer die verhaal vir mekaar vertel.
- ♦ Gee vir die kinders 'n stukkie papier en laat hulle hul gunste-ling deel van die verhaal teken.
- ♦ Gee 'n klomp lappe en doeke en laat die kinders hulself "aantrek" as Bybelse karakters. Laat hulle verskillende dele van die verhaal vir mekaar opvoer en self kies wie is skape, wie is kamele en wie is Abram en Sarai.

Sluit af met die seënbede:

Leier sê:

Mag ons weet waar om te loop.

Mag ons weet wat om te doen.

Mag ons weet waar om te kyk.

Mag ons weet wat om te praat.

Almal saam: Amen.

Kinders antwoord en doen:

Stap-stap-stap.

Klap-klap-klap.

Knip-knip-knip.

Loof die Heer!

